# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 2

## Mei/Junie 2014

**PUNTE: 80**

**GRAAD: 11**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 'n Opstel | (40 punte) |
| AFDELING B: | EEN lang transaksionele tekste | (20 punte) |
| AFDELING C | EEN kort transaksionele teks | (20 punte) |

2. Kies en beantwoord EEN vraag uit AFDELING A, EEN vraag uit AFDELING B en EEN vraag uit AFDELING C.

   Bestee ongeveer 60 minute aan AFDELING A en 30 minute aan elk aan AFDELING B en C.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees.

7. Dui jou beplanning deeglik aan. Trek 'n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

**AFDELING A: OPSTEL**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 180 – 200 woorde.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die opstelonderwerp aan.

**VRAAG 1**

1.1

# Die held

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou held.



[Mozilla Firefox]

Dink aan:

- Wie jou held is
- Hoekom die persoon jou held is
- Wat die persoon doen om jou held te wees. (40)

OF

1.2

# Moenie drink en bestuur nie


Skryf 'n opstel waarin jy vertel hoekom mense nie moet drink of bestuur nie.

Dink aan:

- Hoekom mense nie moet drink as hulle kar bestuur nie.
- Wat alles kan gebeur
- Watter planne mens kan maak om nie te drink en bestuur nie (40)

OF

1.3 **My vriende**



(40)

Skryf 'n opstel waarin jy jou vriende beskryf.

Dink aan:

- Wie jou vriende is
- Hoe jou vriende lyk
- Wat julle alles saam doen
- Hoekom jy van hulle hou.

OF

1.4 **My ouma is my rolmodel**



[*Afrikaans is lekker*]

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf hoekom jou ouma jou rolmodel is.

Dink aan:
- Hoe jou ouma lyk
- Wat jou ouma doen om jou rolmodel te wees (40)

1.5 **Die mooiste storie wat ek gelees het**

Jy lees graag stories. Skryf die storie wat vir jou die mooiste was neer.

Dink aan:
- Wat in die storie gebeur het

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1




[*Afrikaans is lekker*] (40)

OF


1.6.2



[*Afrikaans is lekker*] (40)

OF

1.6.3



[*Afrikaans is lekker* Graad 10]

(40)

**TOTAAL Afdeling A**: **40**

EN

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die TRANSAKSIONELE TEKS moet 80-100 woorde wees.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die LANG TRANSAKSIONELE TEKS aan.

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou nuwe penvriend in Zambië waarin jy alles van jouself vertel.

Dink aan:

- Wie jy is
- Wie jou ouers is.
- Hoe groot jou gesin is
- Waar jy skoolgaan en aan watter sport jy deelneem (20)

OF

2.2 **TOESPRAAK**

Jy moet 'n toespraak skryf oor **die gevare van dwelmmiddels** (*drugs*).

Dink aan:

- Watter soorte dwelms daar is
- Hoekom kinders dwelms gebruik
- Redes hoekom dwelms gevaarlik is
- Hoe kan mens kinders help wat dwelms gebruik (20)

OF

2.3 **DIALOOG**

Skryf 'n DIALOOG tussen jou en jou held.

Begin die dialoog so:

Jy: Goeiemiddag .....
Held: Goeiemiddag ....
Jy: Ek is so bly om met jou 'n onderhoud te voer.
Held: ..._____ (20)

OF

2.4 **FORMELE BRIEF**

Skryf 'n FORMELE brief aan jou held waarin jy hom/haar gelukwens met iets wat hy/sy goed gedoen het. (20)

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

EN

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die KORT TRANSAKSIONELE TEKS moet 50 – 80 woorde wees.

**Vraag 3**

3.1 **RIGTINGAANWYSINGS**

'n Skool van 'n ander provinsie kom 'n sokkerwedstryd teen julle skool speel. Die busbestuurder wat die ander sokkerspan bring, weet nie waar julle skool is nie.

Verduidelik aan die busbestuurder hoe om by julle skool te kom deur die pyltjies op die roetekaart hieronder te volg.


Kopiereg voorbehou

Skryf die aanwysings in jou eie SES sinne neer.

Voorbeeld:

1. As jy by die dorp inry, …

2. By die eerste stopstraat, draai jy …




(20)

OF

3.2 **ADVERTENSIE**

Maak 'n ADVERTENSIE waarin jy die toespraak van iemand wat oor dwelms praat, adverteer.

Dink aan:
- Wanneer die toespraak is
- Waar die toespraak gehou gaan word
- Hoe laat die toespraak begin
- Wie kan almal na die toespraak kom luister
- Watter kos daar te koop sal wees

(20)

OF

3.3 **DAGBOEKINSKRYWING**

Skryf 'n DAGBOEKINSKRYWING oor die TWEE DAE wat jy by jou penvriend gekuier het.

Dink aan:

- Waar jou penvriend bly
- Wat julle gesien het
- Wat julle alles gedoen het
- Hoe jy tydens die vakansie kuier het

(20)

**TOTAAL AFDELING C: (20)**
**GROOTTOTAAL: (80)**